*Woensdag* **12 Februarie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:1-21**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:19**

**Vervul deur die Heilige Gees, is die lewe ’n lied**

Pinkster is ’n wonderlike fees. Dit is die aanbreek van ’n nuwe era vir die kerk in die wêreld. Ná Pinkster is die evangelie versprei. Van mond tot mond, mens tot mens, land tot land is die boodskap vertel: Jesus is die Here oor alle dinge. Hy het uit die dood opgestaan. Daar is redding vir die wêreld, daar is verlossing. ’n Nuwe lewe in geloof, hoop en liefde is moontlik. Dit is die kragtige evangelie van Jesus Christus! Ná Pinkster is baie mense deur die Woord geraak en is hulle lewens deur die geloof verander. Regoor die wêreld leef daar mense vol van die Heilige Gees. Hieroor skryf Paulus in Efesiërs 5. Vers 19 word ingelei met die woorde: *“Word vervul deur die Heilige Gees ...”* Vervul deur die Heilige Gees is jy een met Jesus Christus. Deur Hom word die genade en krag van die Here in jou lewe sigbaar.

Ná die vervulling deur die Heilige Gees volg drie aanwysings: sing, dank en dien. As jy vol is van die Gees, sal jy sing en jubel oor God se werke (vs 19). Al van die Ou Testament af pas dit by kinders van die Here. In die tempel is daar gesing. In die jong kerke in die Nuwe Testament is daar ook gesing. Ons het daarvan gelees in Paulus se brief aan die gemeente in Efese. Die ou kerkvaders het geskryf oor hoe daar in die kerk gesing is. Hoe eredienste begin is met die woorde uit Psalm 100: *“Gaan deur sy poorte in met lof.”* Heerlik om vol van die Gees te sing.

Vol van die Gees word jou lewe geken aan dankbaarheid (vs 20). Sigbaar en tasbaar leef jy in dankbaarheid voor God die Vader. Dankbaar vir die liefde wat Hy vir jou gee deur sy Seun Jesus Christus. Jou woorde en dade getuig dat jy dit van harte waardeer. Vervul met die Gees maak jou laastens ook diensbaar (vs 21). Paulus skryf dat ons onderdanig aan mekaar moet wees uit ontsag vir Christus. Vervolgens trek hy die lyn deur na die verhouding tussen man en vrou, kinders en ouers, werkgewers en werknemers: Dien mekaar. Sing, dank en dien word sigbaar as jy deur die Heilige Gees vervul is. Daarin bereik jy as mens die bestemming waarvoor die Here jou gemaak het.

*Sing: Psalm 98-1:1*

*Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)*